



Ligdraer

Gereformeerde Kerk Ontdekkers

21 Oktober 2018

Oggenddiens 9H30

Aanddiens 18H00

**Hartlik welkom aan elkeen vanoggend by
ons ontmoeting met die Here**

Ons, as bruidskerk van Christus, verkondig Christus deur
die diepgaande kennis van die Skrif en die Belydenisgeskrifte

Ons nooi almal vriendelik uit om na
afloop van die erediens saam met
ons 'n koppie tee/koffie in die saal
te geniet.

Kom kuier
en leer



lekker saam
mekaar ken.

Kleuterbediening tydens oggenddiens:

Al ons maatjies (3 - 7 jaar)

Bybelstudie:

Kerksaal:

Maandae 19H00 Tema: Judas

Woensdae 8H30 Tema: Psalm 119

Donderdae 9H00

Aan huis van Lucia Erasmus:

Dinsdae 9H00

Jong volwassenes: Evert & Cherése Kleynhans 084 799 1709

*Baie geluk aan almal wat
hierdie week verjaar.*

*Ons bid julle die Here
se liefde en seën toe.*



Kontakbesonderhede van Ontdekkersgemeente:



011 672 3810



info@ontdekkers.org.za



www.ontdekkers.org.za



Gereformeerde Kerk Ontdekkers



Baie geluk aan Tania Eyssen wat die afgelope week haar meestersgraad in multimedia ontvang het.

Dink asseblief in julle gebede aan:

Lazya du Plessis wat baie siek is, en steeds in die hospitaal is.

Alida Kruger (wyle ds. PC Kruger se eggenoot) wat na 'n "step down" fasiliteit oorgeplaas is.

Lenie Bothma wat tuis aansterk.

Flip Erasmus wat na 'n rugoperasie tuis aansterk.



Tick, tock, tick tock: TIME IS RUNNING OUT



❖ Die ALMANAK 2019 met 365 dagstukkies van die Gereformeerde Kerk kan @ R 84.00 /eksemplaar aangekoop word. Bestellings met betaling moet voor 25 Oktober 2018 by die kerkkantoor geplaas word. **Geen ekstra Almanakke sal aangekoop word nie.**

❖ Indien daar lidmate is wat bereid is om by 'n diensgroep betrokke te raak sal dit waardeer word. Lyste is op die kennisgewingbord beskikbaar. Soos bv. om blomme Sondag in die kerk te sit, te help met begrafnistoebroodjies en of tee te skink, en om kollekte te tel.

- ❖ Indien jou persoonlike besonderhede verander het, skakel asseblief vir Mockie in die kerkkantoor en maak seker al jou inligting is korrek. Veral kontaknommers en e-posadresse.
- ❖ Datums vir volgende jaar se almanakke moet asseblief aan Mockie in die kerkkantoor deurgegee word. Die programme en almanakke moet teen die middel van November 2018 uitgegee word.
- ❖ Onthou: die Linden Koor se optrede, Sondag, 4 November 2018, om 9H30 vm.

OGGENDDIENS

TEMA: "Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee."

Stemmingsliedere

Lied 470: 3 & 4

Ps. 118: 7 & 14

Ontmoetingsdiens

Votum / Seëngroet

Lofsang: Lied 175

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Versoeningsdiens

Skriflesing: Matteus 5: 17 - 20 &
7: 12

Ps. 130: 1 & 2

Skriflesing: 1 Johannes 1: 9

Ps. 130: 3 & 4

Woorddiens

Gebed

Skriflesing: Filippense 4: 10 - 20

Fokusvers: Filippense 4: 13

Antwoorddiens

Gebed

Ps. 34: 1 & 2

Groetseën

AMEN

Onthou, God se tyd is
nie jou tyd nie.

AANDDIENS

TEMA: Net bossies groei vanself, die res is harde werk!

Stemmingsliedere

Sb. 14-3: 1 & 3

Lied 308: 1 & 3

Ontmoetingsdiens

Votum & Seëngroet

Ps. 105-2: 1 & 2

Ps. 128-2: 1 & 3

Woorddiens

Gebed

Skriflesing: Spreuke 6: 6 - 11

Fokusvers: Spreuke 6: 6

Antwoorddiens

Gebed

Ps. 126: 2 & 3

Groetseën

AMEN

Sb. 20-2: 1 & 3 & 5



Preekskets: Filippense 4: 10 - 20

Paulus skryf: “..ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is.” (OAV)

Om “vergenoeg” te wees beteken om tevrede te wees. Die geheim om in alle omstandighede, goed of sleg, vergenoegd te wees, kan in een woord saamgevat word: CHRISTUS!

Ongelukkig misbruik valspreikers vandag die woorde van vers 13 om mense te leer dat Christus is daar vir jou eie persoonlike doelwitte. Hy gaan jou die krag gee om die beste jy te wees. Hierdie gedeelte gaan **nie** oor Christus wat jou help om die beste jy te kan wees nie. Die rede hoekom die valspreikers hierdie woorde so kan misbruik, is omdat hulle glad nie rekening hou met die agtergrond van die teks nie.

Die agtergrond wat ons in berekening moet bring, is dat toe Paulus hierdie brief geskryf het, toe was hy onder huisares in Rome gewees. Hy kon nie vir homself gesorg het nie. Die gemeente in Filippi het vir hom hiermee gehelp. Alhoewel Paulus baie dankbaar hiervoor was, was hy meer dankbaar oor die gelowiges in Filippi se gesindheid. Hoe kon hy dit regkry om in voorspoed en in teëspoed “vergenoeg” te wees? Hy gee die rede: **“EK IS TOT ALLES IN STAAT DEUR HOM WAT MY KRAG GEE.”**

Die woordjie “alles” in hierdie vers verwys NIE na alles wat op jou persoonlike wenslysie staan nie. Dit verwys na al die verskillende lewensomstandighede waarbinne God se kind hom/haar mag bevind, net omdat ek vir Christus navolg. Die Heilige Gees het ’n geheim met sy hart gedeel, sodat hy in alle omstandighede “in staat” kon wees om “vergenoeg” te wees.

Daar is ’n leemte in elke mens se hart en lewe wat NET JESUS CHRISTUS KAN VUL. En as Hy dit gevul het, deur sy Gees in jou hart woon en in jou lewe werksaam is, dan raak dit vir my moontlik om in alle omstandighede te sing: *“In weelde en ongeluk, altyd sal ek die HERE prys; altyd vir Hom my lof laat rys, in voorspoed en in druk.”* (Ps. 34: 1 Totius).

Filippense 4:13 gaan oor die waarheid dat Christus jou die krag sal gee om in alles in die geloof staande te bly. Maak nie saak wat die Vader ook al op jou pad bring as sy kind nie. Christus sal deur sy Gees jou die krag gee om deur alles te gaan en in die geloof staande te bly...vir sy doel!

Om in 2018 'n vergenoegde burger van ons land te wees, vra dat ek biddend vir die Heilige Gees moet vra om my hart en gedagtes te moet fokus op die Koning, Jesus Christus. In Hom kom ek reeds niks kort nie. In Hom is ek reeds alles wie ek graag wil wees. Ek is God se kind.



VIR VERDERE OORDENKING BY ONTDEKGROEPE

1. Deel met groep wat dit is wat jou op hierdie oomblik onvergenoegd laat voel.
2. Lees Matteus 16:24 en bespreek die volgende twee vrae:
 - a. Wat leer Christus in hierdie vers vir ons oor Christenskap?
 - b. Hoe verskil dit met die voorspoedsteoloë se “gesondheid, voorspoed & rykdom” beloftes?
3. Lees Matteus 6:31-34 en oordink/bespreek wat dit beteken om eers die koninkryk van God te soek.
4. Lees Matteus 19:24 en bespreek in die groep hoekom jy dink die Heilige Gees dit belangrik geag het om hierdie woorde vir ons te laat opskryf.
5. In Matteus 11:28-30 nooi Jesus ons uit om ons rus en vrede by Hom te kom vind EN Hy leer ons hoe om dit prakties te doen. Lees hierdie gedeelte en deel met mekaar hoe ons, midde ons omstandighede, rus en vrede by Christus kan vind.



“MEKAAR” TEKSTE IN DIE BYBEL – deur Henk Kruger

In die Bybel word die teks “mekaar” verskeie kere gemeld om vir die kinders en dissipels van God te beveel wat hulle aan mekaar en vir mekaar moet doen.

1 TESSALONISENSE 5:12, 13

12. Broers, ons vra julle: Erken die mense wat so hard onder julle werk en julle in opdrag van die Here lei en tereg wys.

13. Betoon in liefde die hoogste agting aan hulle ter wille van hulle werk. Leef in vrede met mekaar.

HEBREËRS 3:13

Maar solank daar nog 'n “vandag” is, moet julle mekaar elke dag aanspoor sodat niemand van julle deur die misleiding van die sonde verhard word nie.

HEBREËRS 10:25

Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien naderkom.

Hierdie gedeeltes vereis van ons, in die breë, eenheid in die gemeente. Ons gemeentelidmers het ons waardering, liefde, aanmoediging en gebede nodig om hulle te ondersteun in die werk wat hulle doen. Net so moet ons ook vir medebroeders en -susters dieselfde doen sodat ons almal kan volhard in ons daaglikse stryd om tot eer van God en tot voordeel van ons broeders en susters op te tree.



DIAKONIE DIENSLYS OPLAAIBEURTE 21 Oktober 2018		
Ons Huis	Koos Richards	078 883 2186
	Tjaart Kruger	084 581 9645
D McDonald	Koos Richards	078 883 2186
Klein Helderkrui	Elize Coetzee	072 490 5402
Ons Huis	Middagdiens 16h45	Rein Coetzee

GLIMLAG.
Die lewe is
beter as jy net
glimlag.

DIAKONIE DIENSLYS OPLAAIBEURTE 28 Oktober 2018		
Ons Huis	Bettie Voges	072 424 5942
	Nardus van der Walt	082 453 3600
D McDonald	Nardus van der Walt	082 453 3600
Klein Helderkrui	Elize Coetzee	072 490 5402
Ons Huis	Middagdiens 16h45	Tjaart Kruger

- ✓ Antoinette van Niekerk vra enige mooi klere wat sy as tweedehandse klere namens die diakonie kan verkoop asseblief. Daar is 'n groot aanvraag na klere en sy verkoop die klere om die diakonie se fondse aan te vul.
- ✓ Verblyf vir damesstudente is by die NWU-kampus by GK Cachet se gemeentesentrum beskikbaar. R 2 100 /persoon wat 'n kamer deel. Water & ligte, internet, parkering, skoonmaakdienste is ingesluit. 2 plekke is beskikbaar. Kontak ds. Brahm – 064 656 1374
- ✓ Bybellandtoer 2019 - Griekeland & Griekse eilande, kom loop op Paulus se voetspore! Vertrek DV 4 Mei – 15 Mei 2019 Kontak Malan van Rhyn – 082 858 0538 / mvanrhyn@telkomsa.net
- ✓ Gereformeerde Skool Wesrand – vir elke goeie werk volkome toegerus. Open DV 20 Januarie 2020 – besoek hul webtuiste: <http://www.gswesrand.co.za/>
- ✓ Cachet eerstejaarskamp (Student-wees in God se koninkryk): 7 – 11 Januarie 2019 / Nooitgedacht Kampterrein / R 950 /p / Kontak – ID Nagel 072 926 6851
- ✓ Aros – vakante pos – akademiese assistent: Wiskunde, Wetenskap & Tegnologie. Diensaanvaarding: 7 Januarie 2019 en sluitingsdatum: 25 Oktober 2018. Kontak Renate Murray 012 332 3227 x113
- ✓ Aros – vakante pos – Assessor vir werksgeïntegreerde leer – Onderwyspraktyk (kontrak). Diensaanvaarding: Februarie 2019 en sluitingsdatum: 31 Oktober 2018. Kontak Renate Murray 012 332 3227 x113
- ✓ FEBA Radio Suid-Afrika reik uit na Mosambiek 2018. Besoek die webtuiste: www.febaradio.co.za vir meer inligting.
- ✓ Besoek Attie Bogaards se webtuiste vir alle interessante brokkies - www.enigstetroos.co.za

Die jaarlikse Riviertoeer wat al die afgelope paar jare in Frankfort plaasvind is gekanselleer. Drie van die bote is verlede jaar beskadig en die wisselkoers maak dit moeilik om die bote te vervang. Van die boere wat voorheen skenkings gegee het, het groot verliese met die heuwige brande gelei. Die onsekerheid oor die skoolkalender maak dit ook moeilik, want sommige skole gaan nog met eksamens besig wees.

BORRELBEEKIES

Vandag preek dominee uit die boek Filippense. Dit is die elfde boek van die Nuwe Testament. Julle het seker al die bekende versie van Filippense 4: 13 “Ek is tot alles instaat deur Hom wat my krag gee”



gehoor.

Vals predikers, persone wat maak asof hulle vir julle omgee, wil ons leer dat ons Jesus kan gebruik om alles wat EK in die lewe wil hê dat HY dit vir ons sal gee.

Die woordjie “alles” gaan nie oor alles wat ek wil hê nie. Christus help ons en wil ons met alles help. Paulus skryf hierdie brief terwyl hy in Rome onder huisarres was. Huisarres is soos in 'n tronk, maar jy is in jou huis en mag nie die

huis verlaat nie. Hy kon nie self gaan werk het om klere en kos te koop nie. Die gelowige mense wat in Filippi gewoon het, het vir hom klere en geld gestuur. Paulus is so dankbaar daarvoor dat hy God daarvoor prys. Hy vertel dat hy as Christen baie dinge beleef het, hy het al oorfloed kos gehad en dan was daar tye wat hy honger gely het. As Christen is hy geslaan en as dood agter gelaat, maar Christus het hom nog altyd in staat gestel om die evangelie getrou te verkondig.

Die “tot alles in staat wees” beteken dat Jesus ons alles gee om in die moeilikste tye nog steeds getrou aan Hom gehoorsaam te wees.

